# Universiteit van Pretoria Jaarboek 2017

# BAHons Toegepaste Taalstudie (01242117)

| | |
|---|---|
| **Duur van studie** | 1 jaar |
| **Totale krediete** | 130 |
| **Kontak** | Prof HJ Bosman nerina.bosman@up.ac.za +27 (0)124203111 |

## Toelatingsvereistes

- 'n Goedgekeurde driejarige baccalaureusgraad (of ander vergelykbare tersiêre kwalifikasie – met goedkeuring van die Senaat) met 'n kredietwaarde van 360 waarvan minstens 94 krediete verwerf is in 'n taal die linguistiek of 'n taalverwante dissipline en waarvan minstens 30 krediete op derdejaarsvlak moet wees.
- 'n Gemiddelde van minstens 65% in 'n taal, linguistiek of 'n taalverwante module op derdejaarsvlak.

## Addisionele vereistes

Alle studente moet 'n verpligte Engelse taalvaardigheidstoets aflê.

Studente wat nie oor die nodige Engelse taalvaardigheid beskik nie moet vir die module TTS 751 Akademiese skryfvaardigheid registreer.

## Ander programspesifieke inligting

**Let wel:**

TTS 751 is ’n addisionele module tot die program en vervang nie enige kern- of keusemodules nie. Studente wat verkies om al hulle skryfwerk in Afrikaans te doen, hoef nie vir hierdie module te registreer nie, ongeag hulle prestasie in die Engelse taalvaardigheidstoets.

Studente mag, met die toestemming van die programbestuurder, een keusemodule uit een van die volgende programme by hul program insluit: BAHons (Afrikatale), BAHons (Afrikaans), BAHons (Duits), BAHons (Engels), BAHons (Frans), BAHons (Spaans), BAHons (Vertaling en Professionele Skryfwerk) en BEdHons (Kurrikulum- en Instruksionele Ontwerp en Ontwikkeling), op voorwaarde dat hulle voldoen aan die voorvereistes van die tersaaklike programme en modules.

.

# Kurrikulum: Finale jaar

**Minimum krediete: 130**

## Kernmodules

Teorie van tweedetaalverwerwing 712 (LCC 712) - Krediete: 20.00
Inleiding tot die linguistiek 710 (LCC 710) - Krediete: 20.00
Navorsingsverslag 732 (LCC 732) - Krediete: 30.00

## Keusemodules

Onderrig van die Afrikatale 757 (AFT 757) - Krediete: 20.00
Redaksionele versorging 767 (AFR 767) - Krediete: 20.00
Gevorderde redigering: Afrikatale 758 (AFT 758) - Krediete: 20.00
Inleiding tot die taalpolitiek 713 (LCC 713) - Krediete: 20.00
Lexicography 751 (LEX 751) - Krediete: 20.00
Teaching academic reading and writing 710 (ALL 710) - Krediete: 20.00
Editing 777 (ENG 777) - Krediete: 15.00
Inleiding tot die sosiolinguistiek 738 (LCC 738) - Krediete: 20.00
Terminologie 710 (LEX 710) - Krediete: 20.00
Language testing and assessment 720 (ALL 720) - Krediete: 20.00

Die inligting wat hier verskyn, is onderhewig aan verandering en kan na die publikasie van hierdie inligting gewysig word.. Die Algemene Regulasies (G Regulasies) is op alle fakulteite van die Universiteit van Pretoria van toepassing. Dit word vereis dat elke student volkome vertroud met hierdie regulasies sowel as met die inligting vervat in die Algemene Reëls sal wees. Onkunde betrefffende hierdie regulasies en reels sal nie as 'n verskoning by oortreding daarvan aangebied kan word nie.